# Stellenberger

**April 2020**



## ’n Groot week van stilte wat vir ons voorlê

Deur: Ds. Marius Breytenbach

Sondag 5 April is die begin van die Groot Lydensweek in kerke wêreldwyd en is volgens tradisie gesetel in die Bybelteks waar Jesus Jerusalem binnekom vir die viering van die Joodse paasfees. Vir die Jode was dit ’n vreugdefees, want God het hul voorvaders eeue vantevore uit slawerny in Egipte bevry. Die hoogtepunt was gesinne en familie se samekoms op die Donderdag om die paasete saam te geniet. Na dié spesifieke maaltyd saam met sy dissipels, het Jesus se lyding in Getsemane dan ook begin en dit het opgeloop tot sy kruisiging op die Vrydag, sy sterwe en weer sy opstanding op Paassondag.

Die Groot Lydensweek bring ons jaarliks voor twee uiteenlopende emosies en belewenisse te staan. Aan die een kant die rou emosie van lyding wat ons in hierdie tyd met ons moet saamdra en aan die ander kant die versekering dat niks ons van die liefde en lewe wat Christus in ons wakker maak, kan skei nie.

Hierdie is ’n groot week wat vir ons as gelowiges voorlê. Normaalweg sou die skoolkwartaal reeds na ’n welverdiende vakansie begin het. Die tyd van isolasie weens die Covid-19-pandemie het ons wêreld tot stilstand geruk en binne ons eggo soveel vrese en onsekerhede. Nuusblaaie, kenners en ontleders probeer die hede en toekoms interpreteer, maar niemand weet wat werklik vir ons voorlê en hoe dit ons lewens gaan verander nie. Hierdie lydenstyd neem beslis vir ons ’n ander betekenis aan as in die verlede. Mag die Groot Lydensweek tydens die inperking diep tot jou spreek. Beleef ook tydens die afsondering die werklikheid van lyding wat in jou en ander mense se lewens resoneer, maar op Paassondag die dankbaarheid van die lewe wat Jesus se opstanding aan ons skenk. Mag hierdie stilte vir ons elkeen tot groot seën wees.

"Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Bly waak en bid; volhard in geloof.
Ek is by jou soos Ek beloof." (Liedboek 519)

# Paastyd en die Groot Lydenweek

Tydens die landwye inperking gaan ons Paasdienste en die Groot Lydensweekprogram in 'n gewysigde formaat voort.

**Handleiding.** Die spesiale Bybelstudiehandleiding wat jy gedurende die Groot Lydensweek kan bestudeer, is op die webwerf beskikbaar.

**Die Groot Lydensweekprogram**

Ds. René Potgieter sal daagliks vanaf Maandag 6 April tot Woensdag 8 April 'n kort boodskap met lidmate op Stellenberg-gemeente se *YouTube*-kanaal deel. Die skakel na die *YouTube*-kanaal is op www.stellenberg.co.za beskikbaar en boodskappe kan daagliks vanaf 08:00 op die kanaal gekyk word.

| | |
|---|---|
| **Tema:** | Stap saam met Jesus op die Via Dolorosa. |
| **Maandag 6 April**: | Wat het Jesus Sondag, Maandag en Dinsdag alles gedoen? |
| **Dinsdag 7 April:** | Wat het Jesus die Woensdag en Donderdag voor sy kruisiging gedoen? |
| **Woensdag 8 April**: | Wat het alles gebeur op die Vrydag toe Jesus gekruisig is? |

**Paasdienste**

Paasdienste word op onderstaande datums daagliks om 08:00 op Stellenberg-gemeente se *YouTube*-kanaal uitgesaai. Jy kan ook na die Paasdienste luister, of die geskrewe preek lees. Vind die drie verskillende opsies almal op www.stellenberg.co.za.

| | |
|---|---|
| **Donderdag 9 April:** | Nagmaal saam met ds. Hanno Ackerman. |
| **Goeie Vrydag 10 April:** | Erediens saam met ds. Marius Breytenbach. |
| **Paassondag 12 April:** | Nagmaal saam met ds. Why Duvenhage. |



# Medemenslikheid in 'n tyd soos die

Deur: Ds. Callie Visagie

In 'n tyd soos dié, is dit 'n riem onder die hart om te sien hoe mense op 'n nuwe wyse na mekaar uitreik. In die straat waar ek bly, het een van ons gemeente se ouderlinge die inisiatief geneem om al die inwoners by 'n WhatsApp-straatgroep te betrek. (Slegs ongeveer 40% van die inwoners is lidmate van Stellenberg). Die mees interessante en besondere geleenthede vind deesdae soggens om negeuur plaas: Almal kom dan op hul grasperke uit (nog binne hulle eie erwe) en daar word oor en weer gesels en gekuier, soms met 'n verkyker in die hand om darem jou buurman doer onder ook soortvan in die oë te kyk! Mense wat skuins oorkant mekaar woon, het mekaar na jare eers leer ken en aan die praat geraak. Onderlinge stories en verhale word gedeel . . . mense leer mekaar doodgewoon ken.

Oor die eeue heen het gelowiges in tye van nood en veral met groot epidemies, nie teruggedeins om te help en te ondersteun nie. Die kerk se dienswerk en betrokkenheid in noodsituasies was van die vroegste tye af een van die groot redes waarom die kerk gegroei het. God het deur sy Heilige Gees intrek geneem in mense se lewens. Ook in myne en joune.

So gebeur dit dat God incognito in die strate van ons woonbuurtes en stad, in die gange van hospitale en in die tente en lokale waar toetse gedoen word, rondbeweeg . . . 'n ander onsigbare teenwoordigheid – in teenstelling met die kiem wat ons nie kan sien nie – incognito, omdat die mense nie vir God kan sien nie, maar wel vir ons raaksien. God wil deur ons handelinge en teenwoordigheid (al is dit digitaal) vir diegene met wie ons kontak maak, iets van sy teenwoordigheid laat beleef.




In die voorafgaande dae tot die inperking het ons vanuit die kerkkantoor alle persone van 75 jaar en ouer (net nie diegene wat in Edelweiss is nie) geskakel om te hoor op watter manier ons hulle vanuit die gemeente kan ondersteun. Dit was wonderlik om te beleef met watter groot dankbaarheid almal reageer het, maar selfs beter om te hoor dat daar by al die persone wat ons kon bereik, géén bejaardes was wat nie getuig het van ondersteuning deur familielede, bure en kennisse nie!

Mag hierdie tyd ons weer baie meer bewus maak van ons afhanklikheid van mekaar. Mag ons sensitief wees om te luister na waar en hoe elkeen van ons gevra word om uit te reik.


Die Here plaas weerloses op elkeen van ons se pad . . .


|Samestelling: Sanèl Joubert

|Taalversoring: Annemarie Spies

|Bydraes en voorstelle: sanel@stellenberg.co.za

# Leopold stuur groete uit Nederland



Beste Stellenbergers

In Nederland staan sake tans so.  Alle Nederlandse kerkdienste is opgeskort. Maar die internet is ’n wonderlike ding; dominees preek in 'n leë kerk, en dit word dan op die  internet uitgesaai. Elke Dinsdagaand om 19:00 lui die kerkklokke deur die hele land, 10 minute lank, om mense te bemoedig en die kerk se betrokkenheid by die siekes te beklemtoon. Huisbesoeke word ontmoedig, maar telefonies en per Skype behou kerkraadslede kontak met hul wyke. Die Raad van Kerke het ’n *meldpunt* geskep om hulpverlening aan oues van dae en hulpbehoewendes in hierdie dae te koördineer. Só word die opdrag en boodskap van Christus tog uitgedra. Dis werklik ongelooflik om te sien hoe innoverend daar met die verkondiging van die Woord en die betoon van onderlinge solidariteit omgegaan word. In sulke dae is dit 'n voorreg om betrokke te wees by 'n kerk.

Groetnis, Leopold

*|Leopold Scholtz was voorheen ’n lidmaat van Stellenberg-gemeente, maar woon reeds die afgelope tien jaar in Nederland en is ’n bekende vryskutjoernalis by onder andere Netwerk24.  Hy is ’n ouderling in die Protestantse Gemeente Schipluiden, ’n dorpie net buite Delft en dien sedert 2014 op hulle kerkraad.  Die Protestantse Kerk in Nederland is die Nederlandse susterskerk van die NG Kerk.*

# Bybelskoolkursus nou ook aanlyn



### Die aartsvaderverhale.  Hoe is God vandag in ons wêreld teenwoordig?

Die aartsvaderverhale strek vanaf Genesis 12 tot 50 en  vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld,  te midde van korrupsie, familiekrisisse, ekologiese rampe asook politieke en ekonomiese onsekerheid,  geraak het. Kom reis in die vyfweekkursus  saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.

Die Bybelskool gaan soos ons eredienste ook op Stellenberg-gemeente se YouTube-kanaal uitgesaai word.  Ds. Marius Breytenbach is die aanbieder en die eerste sessie sal op Dinsdag 7 April uitgesaai word.  Die Bybelskoolmateriaal sal ook weekliks op ons webwerf beskikbaar wees.  Besoek gerus die Bybelskoolafdeling op ons webwerf te besoek.

# Raponsie in Pole

Deur: Sanet Hattingh

**Om saans jou kop op jou kussing neer te lê en te luister na die weerklank van perdehoewe en koetse op keistene en die uurlikse gelui vanuit die groot kloktoring, beteken 'n mens is in die Middeleeuse stad, Kraków, in Pole.**

heuns, my man, werk aan 'n projek in Pole en ek het vir tien dae kom kuier. Die eerste naweek in Kraków is die hoogtepunt van ons tyd saam. Die atmosfeer van die stad is outentiek en ouwêrelds en jy voel behoorlik of jy jou in antieke tye bevind. 'n Mens vergaap jou letterlik aan al die mooi en andersheid van die stad. Koffiewinkels en restaurante bars uit hul nate. In 'n systraatjie het ons 'n restaurant ontdek wat die heerlikste tradisioneel Poolse geregte maak, teen baie billike pryse, en boonop Suid-Afrikaanse wyn op die spyskaart aanbied!

Vir twee dae kon ons ronddrentel, die magdom geskiedkundige geboue en standbeelde bewonder, in die klomp klein winkeltjies rondsnuffel, dan weer die pragtige tuine langs die stadsplein verken, of sommer net op 'n bankie gaan sit en bibber om ons broodjie met die gretige duiwe te deel.

Saterdagoggend 14 Maart tref ons weer die strate, maar skielik lyk die tonele om ons heeltemal anders. Oral om ons is mense in groepe aan die skarrel, almal sleep hulle roltassies haastig oor die keistene. Dit is toe dat ons hoor die regering het, soos later ook in Suid-Afrika, 'n landwye inperking aangekondig en dat landsgrense nog dieselfde aand sou sluit. Die volgende oggend aan die hotel se ontbyttafel gesels al die vreemdelinge met mekaar. Mense het blykbaar vir ure in lang rye gestaan om sonder sukses plek op vlugte te probeer kry. 'n Ierse paartjie het aangekondig dat hulle lugmag 'n vliegtuig stuur om hulle te kom haal. Ek hoor toe dieselfde oggend dat my vlugbespreking vir 24 Maart gekanselleer is, maar ek het geen hoop dat die Suid-Afrikaanse lugmag my gaan kom haal nie.




'n Mens kan nie glo hoe 'n stad met soveel energie, opwinding en lewe eensklaps in 'n spookstad kan verander nie. Saterdag was daar nie 'n enkele perd of rytuig in sig nie en al die winkels, behalwe kruidenierswarewinkels en apteke, gesluit. Ons was net betyds om met die bus terug te ry na Lublin, waar Theuns werk, want reis tussen provinsies word ook verbied.

Terug in Lublin moes ons vining aanpas om sonder restaurante reg te kom. Ons verblyf is baie basies en die kamertjie bied slegs 'n ketel en 'n klein kroegyskassie die grootte van 'n skoendoos. Dit verg heelwat kreatiwiteit om spyskaarte te beplan, en die meeste maaltye bestaan maar uit broodrolletjies, ham, kaas en pakkies kitssop. Joghurt, piesangs, sjokolade en bier bied so 'n bietjie afwisseling op die daaglikse tema. Kospryse is baie dieselfde as in Suid-Afrika, behalwe dat hier 'n kaashemel is. 'n Wiel Camembertkaas kos byvoorbeeld net R12 .

Die busstelsel is briljant. Alhoewel 'n mens nie juis in dié omstandighede van openbare vervoer wil gebruik maak nie, het ons nie veel van 'n keuse nie. Ons kan nie ons kruideniersware so ver gedra kry nie, en dit is ysig koud met temperature wat wissel tussen 5 en 7 grade Celsius. Ten minste is daar baie min mense op die busse en passasiers laat groot spasies tussen mekaar oop. Niemand op die bus sal dit ook waag om te hoes nie. In die kruidenierswarewinkels is daar min mense en oorgenoeg toiletpapier.

. . . vervolg vanaf bl. 5

Klante word almal met handskoene by die ingang toegerus en staan ver uitmekaar in die rye.

Die apteek het ’n klomp geel kennisgewings, alles in Pools, maar ons verstaan niks daarvan nie. Die winkelassistente kan buitendien ook nie Engels praat of verstaan nie en ons besluit om eerder verby te loop.

Goed, toe weet ons hoe dinge werk, ons sou nie honger ly nie en sodra Pole hulle grense oopstel, klim ek op die eerste beskikbare vlug om huis toe te gaan, maar enkele dae later kondig Emirates-lugredery aan dat hulle alle vlugte staak. Die volgende skok tref ons toe die Poolse regering besluit om alle grense tot na Paasnaweek te sluit. Die Suid-Afrikaanse Ambassade bevestig dat daar geen manier is om die land te verlaat as die grense gesluit is nie. Wanneer kom ek weer by die skool en my werk uit?

Intussen sit ek nou bedags in ons kamer op die derde vloer en kyk uit oor ’n sprokiesmooie tuin met ’n groot verskeidenheid kaal bome. Die aller-mooiste voëls woon in die tuin en verskaf ons groot plesier. Gelukkig het ek die verkyker ingepak, so ek kan hulle van naderby bewonder. Ek het selfs voëlsaad saam met my noodsaaklike inkopies in-gesmok-kel; dus kom van hulle al op ons ven-sterbank kuier. Dit is amptelik lente in Europa, maar gister was dit nog -7 grade Celcius en eergis-ter het dit selfs weer gesneeu. Maar ten spyte daarvan weet die natuur die seisoene is besig om te draai. Ek hou die kaal boomtakke dop en sien hoe die puntjies begin groen raak. Ek moes al by die huis gewees het, maar nou gaan ek dalk die lente hier beleef! Dit voel amper vir my asof die mensdom te midde van die virus en al die chaos weer simboliese groen blaartjies van nuwe lewe gaan uitstoot.

Ek sou egter baie eerder my selfisolasie in my eie huis, in my eie kombuis en in my eie tuin, wou deurbring. Daar is soveel kaste om reg te pak en ek sien voor my geestesoog hoe lekker ek sou tuin-maak. Dit sou lekker gewees het om met my motor te kon ry vir noodsaaklike aankope en om naby my kinders en mense wat Afrikaans of Engels kan praat, te wees. Maar dalk het die Here dit an-ders beplan . . . om by my man te wees, om met baie min geriewe oor die weg te kom, sodat ek meer empatie kan hê met só baie mense wat daagliks onder baie moeiliker omstandighede leef en om te leer om te midde van soveel onseker-heid, rustig te wees in Hom en te weet dat Hy alles onder beheer het.

Daar was darem ook al ’n paar bederfies, soos om vir die eerste keer in my lewe sneeu te sien val. Ek het ure lank by die venster gestaan en gekyk na die klein wattetjies wat deur die lug sweef en dan sag-gies grond toe val en hoe die tuin geleidelik in ’n sprokieswêreld verander. Dan was daar ook die Poolse oom by die fabriek waar Theuns werk, wat vir my ’n tak bloeisels gestuur het – wat ’n kosbare geskenk.

Ek sal jok as ek sê Raponsie voel nie dikwels effens vasgekeer in die klein kamertjie in haar spreekwoordelike toring nie, maar intussen tel ek my seëninge en is dankbaar dat die Prins elke aand huis toe kom.

*|Theuns en Sanet Hattingh is jare lange lidmate van die gemeente. Sanet is ’n wiskundeonderwyseres by Hoërskool Stellenberg en hulle woon in Briffantstraat.*

# Gemeentelike finasies in 'n veranderde kerktoneel

Deur: Ds. Callie Visagie



Die uitdaging wat die veranderde omstandighede aan ons kerklike omgewing teweeggebring het, is enorm. Vir die eerste keer in die langer as 40-jarige bestaan van ons gemeente word daar nou reeds vanaf Sondag 22 Maart geen eredienste in ons kerkkompleks gehou nie. Dit stel 'n besondere uitdaging aan ons funksionering as gemeenskap van gelowiges. Die geleenthede wat die digitale era vir ons met opnames (aanvanklik in die kerkgebou en nou met die inperking vanuit ons huise) bied, gee nuwe definisie aan ons kerkwees.

Dit stel unieke uitdagings aan ons kreatiwiteit om betekenisvol met mekaar te kommunikeer en die bande met mekaar te behou. Ons saamwees in Christus en *waar twee of meer in my naam vergader* kry op 'n besondere manier virtueel gestalte (familielede met veral kinders en kleinkinders wat oorsee is, ken iets hiervan). Met die uitsendings van die preke op die internet kry ons wonderlike terugvoer – ook van vorige lidmate van Stellenberg wat nog 'n band met die gemeente het en nou hierby kan inskakel. Die aanbied van die Bybelskool en die program vir die Groot Lydensweek word digitaal beskikbaar gestel en moontlik het baie meer lidmate die geleentheid om, noudat dinge stadiger geraak het, deel te hê aan die programme (sien artikels hieroor).

Die veranderde omstandighede het ook 'n beduidende invloed op ons gemeentelike finansies. Wêreldmarkte is onder druk, werksverliese staar mense in die gesig, die rand het reeds meer as 28% van sy waarde verloor, Suid-Afrika is afgegradeer tot rommelstatus, ens. Dit is 'n realiteit dat elke huishouding baie hard hierdeur geraak sal word. Dit verg verantwoordelike rentmeesterskap van ons eie huishoudings, maar nét soveel vir die van Stellenberg-gemeente.

Die Fondsebediening onder voorsitterskap van Danie Claassen is reeds in gesprek met mekaar hieroor en hoe gemeentelike fondse voortaan hanteer en bestuur moet word. Ons begroting van R10 miljoen is soos volg saamgestel (grootste bedrae is afgerond):

- Gewone bankkollektes (Sondae) 11%,
- Maandelikse dankoffers (EFT, debietorders, Snapscan) 50%
- Feesmark 23%
- Tiendemaand 19%.

Weens die feit dat daar nie eredienste op Sondae is nie, word bankkollektes nie soos normaalweg ingesamel nie. Lidmate kan egter steeds 'n bydrae gee deur 'n elektroniese oorbetaling, of deur middel van die SnapScan-toepassing, of bloot 'n bedraggie by hul maandelikse dankoffer te voeg.

Dankie aan elkeen wat 'n bydrae lewer om in die moeilike tyd ons geloofsgemeenskap in stand te hou. Mag ons as verantwoordelike rentmeesters steeds optree soos Paulus aan die Korintiërs (2 Kor.9:7) skryf: "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief."

*Bankbesonderhede: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632 005.*

*SnapScan-skanderingskode*

# Stellenberg het diep spore in die Transkei getrap

Deur: Ds. Christo Wooding





Stellenberg-gemeente het in die 1990`s by my werk in Kokstad betrokke geraak, deur ons onder andere finansieel te begin ondersteun.  My ouers, Bart en Rita Wooding, wat hul lewe lank as sendelinge in Transkei gewerk het, het met hulle aftrede verhuis en by Stellenberg-gemeente ingeskakel.  Dit is dan ook hoe die gemeente se kontak met die VGK Kokstad en die werk in Transkei begin het.

Die eerste uitreik vanaf Stellenberg na Transkei het in 1996 plaasgevind.  Johan en Elcine Hulme het 'n span na Waterloo gelei.  Dis een van Kokstad se buiteposte, waar 'n kerkie gebou is.  Ds. Charlie Holtzkamp het die span vergesel en daarna het verskeie uitreike na Kokstad gevolg.  Onder andere is kamers by ons kerk in Kokstad gebou en Stellenberg betaal steeds 'n deel van ons salaris en ons is besonders dankbaar vir dié ondersteuning wat ons in staat stel om voort te gaan met ons werk in die Transkei.  Ek en Deleste, my vrou, tree DV oor twee jaar af, en dan kom die era van ou sendelinge uit die NG Kerk in die Transkei ook tot 'n einde.

In 1999 is ds. Rikus en Truda Fouche na Lusikisiki en Bambisana beroep, en hulle het daar gewerk tot die einde van 2005. In dié tyd het Stellenberg ook vir ds. Fouche en sy werk by die twee gemeentes finansieel ondersteun en destyds, onder leiding van ds. Willem Malherbe, selfs 'n kerk op Lusikisiki gebou.

Vanaf 2006 tot 2019 was ek konsulent by Lusikisiki en Bambisana en het so betrokke geraak by Stellenberg se projekte in die twee gemeentes. Ds. Why Duvenhage was verantwoordelik vir Stellenberg se uitreike na die twee gemeentes en was veral geraak deur die verval van die Bambisana-sendingstasie.  Hulle het toe gesoek na 'n geskikte plek waar die uitreikspanne van Stellenberg en Amerika kon tuisgaan en ook as basis vir uitreike kon dien.

So het die heropbou van die ou sendingstasie, wat oorspronklik in 1959 deur die NG Kerk opgerig is, toe begin.   Verskeie uitreikspanne van Stellenberg en ook Amerikaanse spanne onder leiding van ds. Why Duvenhage het deur die jare hard gewerk aan die herstel van die kerk, die pastorie en ander geboue.  Kosbare tyd en geld is opgeoffer.  Ewigheidswerk is gedoen en baie lewens is onherroeplik verander. Kleuterskole en sopkombuise is begin en mediese spanne uit Suid-Afrika en Amerika het gesondheidsorgdienste in die gemeenskap aangebied.  Van Stellenberg se jongmense het vir jare permanent op Bambisane gewoon en kosbare werk in die gemeentes en ook binne ons ring gedoen.

Vir my was dit 'n grootse ervaring om alles te kon meemaak en te sien hoe die Here sy koninkryk bou, op wyses wat ek myself nooit kon voorstel nie. Ek het destyds gedink dat die bediening op Bambisana en Lusikisiki tot niet sal gaan, maar God laat vaar voorwaar nooit die werke van sy hande nie. En vandag is Lusikisiki en Bambisana selfstandige gemeentes met hul eie leraar. Die entoesiasme, ywer en toewyding van die jongmense van Stellenberg en Amerika, sal my altyd bybly. Hulle het werklik geen bang haar op hul koppe nie en leef met oorgawe vir Jesus. Ons sosiale uitstappies saam met die jongmense na Waterfall Bluff aan die Wildekus, was beslis hoogtepunte in my lewe.

Stellenberg-gemeente kan met trots terugkyk na ongeveer 26 jaar se betrokkenheid in die Transkei. Oor dié tydperk heen is baie bereik en ek sê graag dankie vir die volgende:

- Ek het in 1983 in die Transkei begin werk. Sedert 1993 kon die Oos-Kaapse Sinode nie meer my en van die ander sendelinge, se salarisse bekostig nie. Dit was baie moeilike en onsekere tye, maar ek het geglo my roeping lê in die Transkei. Stellenberg was een van die eerste gemeentes wat by my werk betrokke geraak het, en ons ook finansieel begin ondersteun het.
- Julle finansiële steun het ds. Fouche destyds in staat gestel om sewe jaar vrugbare werk by Lusikisiki en Bambisana te doen.
- Kerke, skole en ander strukture is deur Stellenbergers gebou en sal altyd daar wees as getuienis van jul werk.
- Bambisana-sendingstasie is deur die Stellenbergers van totale verval gered en herstel. Bambisana is nou die enigste fasiliteit binne ons ring wat ons vir konferensies en werkswinkels kan gebruik.
- Die geweldige getuieniswaarde van die groepe gelowiges, oud en jonk, wat bereid was om na daardie afgeleë gebiede te gaan en onder die Pondo`s te werk en selfs te woon, is onmeetbaar. Soveel lewens is deur die Lig van die Evangelie aangeraak en vir altyd verander.
- Die skole het aan soveel kinders uit arm gemeenskappe 'n geleentheid in die lewe gebied en gaan steeds voort om dit elke dag te doen.
- Die besoeke aan die gemeentes, die opleiding wat gedoen is, julle ondersteuning aan die kerkraad en Nomthandazo, ons geestelike leier, het Lusikisiki en Bambisana nie alleen deur donker jare sonder leraars gedra nie, maar hulle ook in staat gestel om te groei. Soveel so dat hulle vandag self 'n leraar kan beroep, terwyl soveel ander gemeentes in Transkei net tot niet gegaan het.

Ten slotte net weer 'n groot dankie aan Stellenberg vir jul insette in die Transkei. Dit het 'n blywende verskil gemaak. Julle het jul gemeente se leuse, naamlik: Reik uit oor alle grense, deur woord en daad gestand gedoen.

*|Ds. Christo Wooding en sy vrou Deleste is sedert 1983 in die Transkei as sendelinge werksaam.*






# Ons gemeentekinders studeer teologie en sê hul sê oor die kerk

Vier jongmense, drie manne en een meisie, wat in die gemeente grootgeword het, studeer tans teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. *Stellenberger* het die drie manne gepols oor hoe generasie Z (gebore vanaf die jaar 2000) se konsep van kerk en Christen-wees lyk. Ons sal in 'n volgende uitgawe die skonere geslag se mening weergee.

**Tiaan Brand is 'n splinternuwe eerstejaar-student. *Stellenberger* gesels met hom oor hoe sy lewensreis hom tot by teologiese studies gelei het.**



**Het kategese in Stellenberg-gemeente 'n indruk op jou gemaak?**
Dit het definitief 'n invloed op my gehad, alhoewel ek niks spesifieks kan uitsonder nie. Die geleentheid om saam met my graadgroep te kon leer oor die Here, was vir my kosbaar.
**Watter persoon of gebeurtenis het jou aangeraak om teologie te gaan studeer?**
Ek kan nie een enkele persoon/gebeurtenis uitsonder nie. Dit voel vir my meer asof God 'n verskeidenheid maniere en mense gebruik het om my uiteindelik die lig te laat sien, en te laat besef dat ek teologie moet studeer.
**Is die kursus op die stadium soos jy dit voorgestel het, of is daar heelwat verrassings?** Sovêr is die kursus presies soos ek dit voorgestel het, en selfs beter. Ons leer só baie interessante dinge en dit is 'n kreatiewe en fantastiese nuwe manier om God te beleef. Dis asof jy God deur 'n akademiese lens leer ken.

**Is die "kerk" en die kerk se leringe nog enigsens vir jou relevant?**
Die kerk is steeds relevant. Dit bly my geestelike huis waar my vriende en familie is.
**Hoe ervaar jou medestudente die kerk van vandag?**
Ek dink die kerk is vir baie van hulle ook 'n plek van veiligheid en 'n ruimte waar hulle God wil beleef. Die meeste teologie-studente is wel nog baie onseker oor die pligte en vereistes wat kerke van predikante verwag en aan hulle stel.
**By watter gemeente skakel jy tans in en wat geniet jy daar?**
Ek skakel by die NG kerk Parowvallei-Oos in. Dr. Theo Swart is die leraar by die gemeente en hulle hoofwaarde is om almal in te sluit en welkom te laat voel. Dít is vir my 'n ongelooflike mooi beginsel om in ons moderne samelewing aan die wêreld uit te dra.
**Wat is vir jou die lekkerste en die slegste deel van die studentelewe?**
Die lekkerste en slegste deel van die studentelewe is dieselfde. Die onafhanklikheid wat 'n mens skielik beleef, is baie lekker, maar ek mis ook terselftertyd die lewe van 'n skoolkind waar besluite namens jou geneem is. Ek verlang ook gedurende die week huis toe, maar gelukkig is my gesin net 'n halfuur se ry weg.

**Erick Zulch is 'n derdejaar student in teologie en reageer soos volg op Stellenberger se vrae:**



**Het kategese in Stellenberg-gemeente 'n  indruk op jou gemaak?** Ja, kategese veral tydens graad 10 en 11, het beslis 'n impak op my gehad.  Wanneer ek terugdink,  val dit my op dat ek nie baie van die inhoud onthou nie, maar wel die impak van die verhouding met my groepleier.  Verhoudings, veral verhoudings wat op eerlikheid en broosheid gegrond was, het my beslis die diepste geraak.

**Watter persoon of gebeurtenis het jou aangeraak om teologie te gaan studeer?**

My besluit om teologie te studeer is beïnvloed deur verskeie gebeurtenisse en mense. Verhoudings het veral op my lewe 'n impak gemaak en was grootliks die resultaat van my betrokkenheid by die gemeente se musiekbediening en die jeug*band*, Plofstof.  My betrokkenheid by musiek het my die geleentheid gebied om aan talle kampe en uitreike mee te doen en so het ek lief geraak vir die kerk en die kerk se mense.

**Is die kursus op die stadium soos jy dit voorgestel het, of is daar heelwat verrassings?**

Ek het myself voorberei op heelwat ontnugterings. Tydens teologiese opleiding is dit belangrik om te verstaan dat jy in 'n akademiese segment van godsdiens inbeweeg en dat dit 'n ander tipe denkwyse vereis.  Teologiese opleiding kan jou vinnig ver van die kerk of bediening laat voel omdat jy die wêreld van rasionele, logiese akademie betree. Ek is egter oortuig dat teologiese opleiding noodsaaklik is vir iemand wat die bediening wil betree, maar dit hoef nie noodwendig net deur 'n universiteit aangebied te word nie.

**Is die kerk en die kerk se leringe nog enigsens vir jou generasie relevant?**

My antwoord sou wees – ja en nee. Ek glo die universele kerk van Christus was, is en sal altyd relevant bly.  God se konstante, aktiewe werking in die wêreld getuig daarvan.  Die kerk moet egter myns insiens dinamies bly deur konstant te groei en te verander soos wat reeds oor die afgelope 50 jaar gebeur het.   Ek glo dat die kerk soos wat ons dit vandag ken, oor twintig jaar heeltemal anders daar gaan uitsien.  Die kerk soos ons dit nou ken, gaan waarskynlik irrelevant raak en daarom sal ons voortdurend moet aanpas.

**Wat van die kerk irriteer jou medestudente?**

Om blatant eerlik te wees – die kerk is steeds vir baie medestudente nog sinoniem met segregasie op grond van ras, sosio-ekonomiese status, taal, ens. Die kerk moet juis hierdie kwessies in die samelewing uitdaag en omvorm, eerder as om dit te verteenwoordig.  Verder bied sekere kerke te min ruimte vir verskillende vorme van spiritualiteit aan.  Ek dink dit is een van die redes hoekom gelowiges dikwels na 'n ander kerk skuif.
Stellenberg-gemeente is egter myns insiens 'n kerk wat aan lidmate verskeie opsies vir die uitlewing van spiritualiteit bied.

**Waarvan hou jou medestudente in die kerk?** Die feit dat die NG Kerk oor moeilike etiese kwessies soos homoseksualiteit en die kerk se hantering daarvan praat en worstel, gee vir ons hoop.   Ongeag die besluite wat rakende die gesprekke geneem word, is dit noodsaaklik dat daar oop en eerlike gesprekke daaromtrent gevoer word.

**Christiaan de Klerk het vanjaar die universiteitslewe as eerstejaarstudent betree en gee sy vertolking van die kerk weer.**



**Het kategese 'n indruk op jou gemaak?**
Persoonlik het kategese nie 'n groot invloed op my groei as 'n Christen gehad nie. Vir my persoonlik het kampe en uitreike, asook die mense rondom my, my geestelik gelei tot waar ek nou is.

**Watter persoon of gebeurtenis het jou geïnspireer om teologie te gaan studeer?**
Mense wat my aangeraak het, was beslis di. Elzaan van der Westhuizen en Peter Kotze. My eerste uitreik na Beaufort-Wes saam met Elzaan en Peter, asook hulle mentorskap in die opvolgende jare, het my laat besef dat ek my lewe daaraan wil wy om ander mense te help en dat God die middelpunt van my lewe moet wees.

**Is die teologiese opleiding soos jy dit voorgestel het?**
Ek het my bes gedoen om nie met vooraf opgestelde idees, of verwagtings universiteit toe te gaan nie, maar ek is verbaas hoe baie ek die klasse geniet. Dit is heeltemal anders as wat ek aan gewoond was tydens skool en ek geniet die verandering.

**Is die "kerk" en die kerk se leringe nog enigsens vir jou generasie relevant?**
Definitief! Myns insiens doen Stellenberg-gemeente baie moeite om relevante onderwerpe wat op jongmense se leefwêreld van toepassing is, te bespreek en jongmense word aangemoedig om insette te lewer. Ek dink egter wel dat heelwat jongmense bloot nie meer die kerk as 'n prioriteit in hulle lewens beskou nie.

**Wat irriteer jou mede, nie-teologiesestudente van die kerk?**
Die kerkpolitiek en veral die politiek, of wedywering, tussen denominasies.

**Waarvan hou jou medestudente in die kerk?**
Die geleenthede wat kerke aanbied waar jongmense ander gelowiges mekaar kan leer ken en saam groei, word positief ervaar. In kontras met die vorige antwoord hou jongmense ook van die verskille tussen kerke. Dit is interessant om te sien hoe gelowiges van mekaar verskil, maar nog steeds dieselfde God dien en gehoorsaam kan wees aan Hom.

**Dink jy kerke en gemeentes gaan finansieel oorleef in die moderne samelewing?**
Die kerk sal myns insiens altyd oorleef. Dit gaan moontlik net nie lyk soos wat ons dit nou ken nie. Ek dink nie dit maak saak of 'n mens kerk hou in 'n gebou, onder 'n boom, of in 'n veld nie. Ons belydenis sê immers dat ons glo in "die gemeenskap van die heiliges".

**By watter gemeente skakel jy tans in – wat geniet jy daar?**
Ek skakel steeds by Stellenberg-gemeente in. Ek geniet dit om kennisse van skooldae by die kerk te sien. Ek mis dit egter om deur die week nie meer deel te wees van aktiwiteite soos Reach en Relevant nie.

**Wat is die heel lekkerste ding van student wees.**
Die klasse en die mense. Ek geniet elke klas en die werk wat ons doen omdat ek 'n passie het vir wat ons doen. Die mense saam met wie ek studeer is van regoor Suid Afrika en selfs Namibie. Ons almal is anders en verskil gereeld oor verskeie kwessies, maar ons het 'n gemene doel en liefde vir God wat ons saam bind. Ons het in die afgelope paar weke soos 'n familie geword wat mekaar help en ondersteun.

# Die basaar was voorwaar ’n gemeentefees

Deur: Ds. Callie Visagie

’n Mens dink nou met heimwee terug aan ’n gemeentefees soos die basaar waar ons lidmate saam kon kuier, werk en eet. Ons is dankbaar vir sulke geleenthede in die gemeente en die ondersteuning wat die byeenkoms geniet het. Ons glo en vertrou ook dat ons weer eersdaags as ’n gemeenskap van gelowiges soortgelyke fisiese samesyn sal ervaar.

Ons is in besonder dankbaar teenoor Deon Maree wat verantwoordelik was vir die koördinering van die hele basaar, asook vir al sy konvenors en helpers. Die basaar het 'n opbrengs van R67 865 opgelewer. In slegs sowat vier ure se saamkuier is voorwaar 'n welkome bydrae tot ons gemeentefonds gemaak.

Dankie dat jy gehelp het, geld spandeer het en saamgekuier het.





# Stellenberg gaan groen

Dana Snyman, skrywer, maak op Saterdag 28 Maart in sy rubriek vir Netwerk24 die opmerking: "Miskien dra die aarde al té lank té swaar aan ons met ons onbeperkte begeertes en onversadigbare drome. Nóg plastiek, nóg rooivleis, nóg steenkoolwolke wat die lug in gepomp word. Wanneer is genoeg genoeg?”

"As gelowiges is ons intens bewus van ons belangrike aandeel in die bewaring van God se skepping. In die lig van dié groot opdrag het Stellenberg-gemeente reeds in 2019 ’n Gaan-groen-projek in die lewe geroep," sê ds. Why Duvenhage. Johan van Tonder is die algehele koördineerder van die projek en vertel dat die projekspan sewe fokusareas geïdentifiseer het, maar hy deel slegs die eerste ene nou met ons.

Hy stel voor dat elke Stellenberger sy/haar gedrag aan die hand van die vyfpunt-RE-beginsels sal evalueer.

- RE-ality: Aanvaar die realiteit dat die mens die grootste besoedelaar van die natuur is.
- RE-think: Dink na oor die gebruik van elke huishoudelike chemikalieë. Is die gebruik daarvan noodsaaklik?
- RE-duce: Verminder en/of elimineer die gebruik van besoedelingsprodukte.
- RE-use: Hergebruik alle afvalprodukte solank en soveel keer as moontlik.
- RE-cycle: Herwin en hersirkuleer soveel as moontlik.

Die landwye inperking bied aan ons die ideale geleentheid om ons koolstofspoor krities in oënskou te neem en te besin hoe ons elkeen ons deel kan doen om Moeder Aarde se las te verlig.

# Stellenberg raak by voedselnood betrokke

Volgens ds. Why Duvenhage was dit vanuit die staanspoor duidelik dat voedselnood groter gaan raak tydens die landwye inperking. Ons moet as gemeenskap, die land en die wêreld saam ’n virus beveg, maar honger mense en kinders is weerloos teen die aanslae van dié siekte. Stellenberg het saam met verskeie ander kerke en met MES (as koördineerder) betrokke geraak by voedselhulp aan haweloses in Bellville. Ons gemeente is op Dinsdae en Donderdae verantwoordelik om ’n sopkombuis vir dié weerlose mense aan te bied.

Lidmate wat die voedingsprojek finansieel wil ondersteun, kan ’n bydrae maak na: NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik HANDE EN RANDE as verwysing.

Die gemeente is ook saam met Shiloh indirek by ’n tweede voedingsprojek betrokke. Shiloh het opdrag en befondsing van die Wes-Kaapse regering ontvang om vir 'n periode van ses maande kospakkies aan alle voedingskemapunte in Metro-Oos en Metro-Noord te voorsien. Hulle beoog om maandeliks ongeveer 1 340 kospakkies te versprei. In die verlede is klaar voorbereide maaltye daagliks deur Shiloh by verspreidingspunte soos klinieke, kleuterskole, nagskuilings en ouetehuise besorg, maar in die lig van die Covid-19-pandemie en die inperking van mense se beweging, wil die regering die klaar voorbereide etes met kospakkies vervang. Die projek word deur Low Bothma, 'n lidmaat van ons gemeente en ook ’n werknemer van Shiloh, gekoördineer.

Van ons kant af stel ons die gemeente se saalkompleks beskikbaar vir die verpakking van die kospakkies. Die saalkompleks sal as ’n depot dien vir voorraad wat deur kettingwinkels afgelewer word en van waar dit weer na verspreidingspunte versend sal word. Tydens die pakproses sal Shiloh se standaard Covid-19-veiligheidsmaatreëls ook in Stellenberg se saalkompleks gevolg word. Dit sluit maatreëls in soos:

- Slegs persone aan wie Shiloh vooraf die voorgeskrewe amptelike magtigingsdokumente uitgereik het, sal toegang tot die saalkompleks verleen word. Alle buitedeure bly gesluit en word alleenlik oopgemaak deur aangewese persone wanneer vrywilligers aanmeld vir diens of huis toe gaan; produkte deur die Shoprite distribusiesentrum afgelaai word; verpakte pakkies uitgelaai word vir aflewering aan die verspreidingspunte, of indien ’n vrywilliger buite wil gaan rook.
- Temperatuurlesings met behulp van ’n infrarooi geenkontak-voorkoptermometer, handreinigingsmiddel en toegangsregister word by die ingangsdeur tot die saalkompleks gebruik.
- Elke persoon werksaam in die lokaal, sal uurliks handreiniging moet doen. Gereelde ontsmetting van werksoppervlaktes en ander areas waaraan baie geraak word.
- Beskermende klere in die vorm van weggooibare plastiekvoorskote sal twee keer per dag aan elke persoon voorsien word.
- Die vereiste 1m² vrye ruimte per persoon sal in alle lokale toegepas word.

Ons benodig helpers om met die verpakking van die kospakkies behulpsaam te wees. Indien jy bereid is om te help, kontak my gerus deur 'n WhatsApp te stuur na 082 570 5931.

